

**OPNAME VAN KULTUURHULPBRONNE OP 'N DEEL  
VAN DIE PLAAS HAPPYLAND, HOEDSPRUIT-OMGEWING**

Vir:

**J H POTGIETER SAND, KLIP & STENE BK**

Posbus 268  
HOEDSPRUIT  
1380

Opname gedoen en verslag voorberei deur die:

**NASIONALE KULTUURHISTORIESE MUSEUM**

Posbus 28088  
SUNNYSIDE  
0132

Telefoon - (012) 3411320  
Telefax - (012) 3416146

VERSLAG: 95KH09

Datum van opname: Oktober 1995

Datum van verslag: Oktober 1995



NASIONALE KULTUURHISTORIESE MUSEUM  
NATIONAL CULTURAL HISTORY MUSEUM

## OPSOMMING

### **Opname van kultuurhulpbronne op 'n deel van die plaas Happyland, Hoedspruit-omgewing.**

'n Onderzoek van 'n deel van die plaas Happyland in die Hoedspruit-omgewing is gedoen met die doel om alle voorwerpe, verskynsels en strukture van argeologiese en historiese belang te identifiseer. Hieruit blyk dit dat die omgewing reeds sedert Vroeë Steentydperkte deur die mens bewoon is, dit wil sê 'n periode van nagenoeg 200 000 jaar. Terreine daterende uit die Ystertydperk is ook geïdentifiseer.

Alhoewel heelwat kulturele materiaal in die ondersoekgebied aangetref word, word dit nie in primêre konteks gevind nie. Verdere ontwikkeling sal dus nie die negatiewe impak verhoog nie. 'n Voorstel word gemaak oor die versameling, bewaring en benutting van die materiaal ten einde die impak te verminder.

## SUMMARY

### **A survey of cultural resources on a section of the farm Happyland, Hoedspruit area.**

A survey of a section of the farm Happyland in the vicinity of Hoedspruit was undertaken with the aim of identifying all objects, features and structures of archaeological and historical importance. From this it was deduced that humans have been living in this area since the Early Stone Age, a period spanning approximately 200 000 years. Sites dating to the Iron Age were also found.

Though a number of artifacts are found in the area surveyed, these objects are not found in a primary context. Further development would therefore add little additional negative impact. A proposal is put forward for the recovery, conservation and use of these artifacts in an effort to mitigate the impact.

**INHOUDSOPGAWE**

OPSOMMING/ABSTRACT .....	i
INHOUDSOPGAWE.....	ii
1. DOELSTELLING .....	1
2. VOORWAARDES EN AANNAMES .....	1
3. TERREINBESKRYWING .....	2
4. METODIEK .....	2
5. OPNAME-INLIGTING .....	5
6. SAMEVATTING EN EVALUERING.....	6
7. AANBEVELINGS.....	6
8. VERWYSINGS .....	6
9. PROJEKSPAN.....	7



## OPNAME VAN KULTUURHULPBRONNE OP 'N DEEL VAN DIE PLAASHAPPYLAND, HOEDSPRUIT-OMGEWING

### 1. DOELSTELLING

'n Opname wat ten doel gehad het die opsporing, identifisering en toepaslike dokumentering van alle kultuurhulpbronne binne die grense van die gebied waar sand ontgin word. Die ondersoek is onderneem in opdrag van die **J H Potgieter Sand, Klip & Steen BK**.

In hierdie verband word kultuurhulpbronne geneem om in te sluit alle fisiese verskynsels, mensgemaak sowel as natuurlik, wat met menslike aktiwiteite geassosieer word. Dit sluit in alle terreine, strukture en voorwerpe van belang, individueel of in groepe, in die geskiedenis, argitektuur, argeologie of menslike (kulturele) ontwikkeling.

### 2. VOORWAARDES EN AANNAMES

Die kulturele belang van die terreine, strukture en verskynsels word bepaal aan die hand van die historiese, sosiale, estetiese en wetenskaplike waarde daarvan. Daar moet in gedagte gehou word dat hierdie aspekte nie onderling uitsluitend van mekaar is nie en dat 'n evaluering meer as een aspek kan insluit. Die sensitiwiteit van elke sodanige terrein, struktuur of verskynsel is bepaal in terme van die voorkoms, toestand, uniekheid, die navorsingspotensiaal en die betekenis daarvan vir die plaaslike gemeenskap.

Die volgende aspekte is van belang vir die opname en die verslag wat daaruit voortvloei.

- Die geografiese gebied waarbinne die ondersoek gedoen is, is die gebied, soos aangedui deur die opdraggewer en word in figuur 1 aangetoon.
- Dit is nie die doel van hierdie verslag om die geskiedenis van die gebied te skryf nie.
- Alle aanbevelings wat gemaak word, word gedoen met inagneming van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, Wet 28 van 1969. Aangesien hierdie wet in sekere gevalle 'n periode van 50 jaar as afsnypunt aandui en die opinies in die verslag hoofsaaklik op die situasie soos in 1995 van toepassing is, behoort die situasie binne 8 tot 10 jaar weer hersien te word.
- Geen artefakte is tydens die opname ingesamel nie.

### 3. TERREINBESKRYWING

Die ondersoekgebied spesifiek is 'n 2,5 km lang strook van die Sandrivier, beginnende vanaf die oostelike grens van die plaas Happyland 241KT. Die stroombedding varieer in deursnee van ongeveer 75 tot 100 meter. Dit is vir die grootste deel van die jaar droog en het slegs tydens die reënseisoen water.

Die topografie van die groter gebied is meerendeels saggolwend, met die uitsondering van enkele kleiner klipkoppies. Verskeie spruite deurkruis die gebied, hoofsaaklik van wes na oos.

Die plantegroei van die ondersoekgebied word geklassifiseer as Dorre Laëveld (Acocks 1975:30). Dit is oop savanna met *Acacia nigrescens* as die mees dominante boomsoort, alhoewel *Combretum*, *Grewia*, *Ficus* en ander spesies ook volop is. Die hoof grasbedekking is *Themeda* sp, maar word vir groot dele deur *Digitaria* sp verdring.

Geologies gesproke bestaan die gesteentes van die ondersoekgebied uit graniete en gneise van Swazium-ouderdom. Die kwartsiet en horingfels wat aangetref word, is in alle waarskynlikheid reste van die Transvaal Sisteem.

### 4. METODIEK

#### 4.1 Vooronderzoek

Die vooronderzoek het die volgende elemente ingesluit:

##### 4.1.1 Literatuuronderzoek


'n Onderzoek van die verbandhoudende literatuur is gedoen alvorens die opname in die veld plaasgevind het. Dit is gedoen met die oog op die vasstelling van die potensiaal van die gebied, asook tot watter mate vorige navorsers reeds in die gebied gewerk het. Verskillende antropologiese, argeologiese en historiese werke is geraadpleeg en word in die bronnelys aangedui.


##### 4.1.2 Databasisse

Die verskillende inskrywings in die **Archaeological Data Recording Centre** (ADRC) is ook geraadpleeg. Geen inligting wat spesifiek op die ondersoekgebied van toepassing is, kon hieruit verkry word nie.

##### 4.1.3 Ander hulpmiddele

Topokadastrale kaarte is ook bestudeer.





#### 4.2 Veldopname

Die veldopname is aangepak met inagneming van die inligting wat uit die vooronderzoek verkry is.

Die opname is gedoen volgens algemeen aanvaarde wetenskaplike beginsels en aannames en was gemik op die opsporing en identifisering van alle kulturele

verskynsels. Die terrein is te voet deur gestap en alle gebiede wat moontlik geskik is vir menslike benutting is geïnspekteer. Aspekte wat spesifiek van toepassing is, is gebiede met versterkte of sekondêre plantegroei, kranse waarin moontlik skuilings kan wees en onnatuurlike topografie verskynsels soos slote, keerwalle en gate.

Die ondersoekspan is op die terrein begelei deur mnr J Scheepers, tans woonagtig op die plaas. Hy het die grense van die gebied uitgewys, asook 'n aantal verskynsels wat van belang is.

#### 4.3 Dokumentasie

Alle vindplekke, verskynsels en strukture wat geïdentifiseer is, is op 'n standaardwyse beskryf en die spesifieke ligging daarvan is volgens koördinate deur middel van die Global Positioning System<sup>1</sup> (GPS) vasgestel en dan op kaart geplaas. Hierdie inligting is ook in die beskrywing bygevoeg om die opsporing van die verskynsel of struktuur te vergemaklik.

#### 4.4 Aanbieding van inligting

Die volgende aspekte is van belang:

- Die bespreking van dit wat gevind is, word chronologies eerder as geografies aangebied. Dit dra daartoe by om by die leser 'n geheelbeeld te skep van die menslike bewoning en benutting van die gebied.
- Die bespreking van dit wat tydens die opname gevind is, word geïntegreerd aangebied met die inligting wat uit die literatuuronderzoek verkry is. Interpretasie word dus reeds by die identifisering van die vindplek of verskynsel gedoen.
- Die evaluasie wat gedoen word, is daarop gemik om die vindplek of verskynsel in konteks van die groter gebied te plaas en dus die impak daarvan beter te kan evalueer.

### 5. OPNAME-INLIGTING

#### 5.1 Steentydperk

Die Steentydperk word dwarsdeur die gebied deur Vroeë- en Middel Steentyd-

---

<sup>1</sup> Volgens die vervaardiger van hierdie apparaat, moet vir 'n mate van afwyking toegelaat word.



perkwerktuie verteenwoordig.

#### 5.1.1 Vroeë Steentydperk (1 500 000 tot 150 000 jaar gelede)

Enkele Vroeë Steentydperkwerktuie is veral in die droë bedding van die Sandrivier aangetref. Dit sluit in kerns en kernwerktuie, asook 'n handbyl met enkelwang skilfering. Die materiaal wat gebruik is in die vervaardiging hiervan is hoofsaaklik kwartsiet.

#### 5.1.2 Middel Steentydperk (150 000 tot 30 000 jaar gelede)

Die Middel Steentydperk is baie goed in die gebied verteenwoordig en word buite en binne die rivierbedding aangetref. Die werktuie sluit skilferwerktuie in die vorm van skrapers en punte, sowel as kerne in. Daar is ook skilfers en afvalmateriaal wat moontlik in die vervaardiging van die werktuie agtergelaat is. Die materiaal wat gebruik is, is kwarts, kwartsiet en horingfels.

Binne 'n gebied van erosie op die wal van die rivier is Middel Steentydperkwerktuie aangetref wat in alle waarskynlikheid in 'n primêre konteks is. Dit verskil egter na vorm, tegniek en materiaal nie veel van dit wat in die rivierbedding aangetref word nie.

Ligging: GPS 24° 21' 55.1" S; 30° 56' 39" O

#### 5.1.3 Laat Steentydperk (30 000 tot 2 000 jaar en jonger).

Geen Laat Steentydperkwerktuie is opgespoor nie.

### 5.2 Ystertydperk

'n Enkele Vroeë Ystertydperkterrein (1 800 tot 800 jaar gelede) is in die gebied opgespoor en is in die erosiesloot waar die Middel Steentydperkwerktuie ook gevind is. Volgens die versieringspatrone stem dit ooreen met 'n Vroeë Eiland potwerk (400-500 n.C). Potwerk is ook in die rivierbedding gevind en is moontlik deur wateraksie vanaf 'n terrein hoër af gespoel.

Ligging: GPS 24° 21' 55.1" S; 30° 56' 39" O

#### 5.3 Historiese terreine en strukture

Geen verskynsels van historiese belang is in die ondersoekgebied aangetref nie.

## 6. SAMEVATTING

In die Steentydperkvoorkomste word daar dus net een moontlike terrein, in teenstelling met 'n groot aantal vindplekke, onderskei. Hierdie terrein word as belangrik beskou, veral aangesien dit ook Vroeë Ystertydperk potwerk oplewer. Die terrein val egter nie binne die gebied van sandverwydering nie en word dus nie onmiddelik bedreig nie. Dit moet egter in gedagte gehou word indien enige

toegangsroetes vir voertuie gemaak word, wat die moontlikheid van beskadiging daarvan kan meebring. Hierdie terrein moet vermy word.

Dieres van die Steentydperk materiaal word buite konteks aangetref as gevolg van die aksie van die rivier. Dit word bewys deur die groot mate wat dit reeds verweer is deur die spoelaksie.

## 7. AANBEVELINGS

Dit is ons oordeel dat die ontginning van die sand mag voortgaan, met inagneming van die bogenoemde.

Om te verhoed dat die Steentydperk materiaal wat voorkom verlore sal gaan, word daar voorgestel dat 'n intensiewe opname, onder hewig aan 'n geldige permit, deur 'n kundige persoon van die rivierbedding gedoen word. Dit kan moontlik met ondersteuning van plaaslike skole gedoen word. Die materiaal kan dan onder die deelnemende skole verdeel word en gebruik word ter illustrasie van die nuwe geskiedenisillabusse.

## 8. VERWYSINGS

### 1. Ongepubliseerde bronne

#### 1.1 Data-basisse:

Archaeological Data Recording Centre, voormalige Transvaalprovinsie, Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria.

### 2. Gepubliseerde bronne

#### 2.1 Boeke en tydskrifte

Acocks, J.P.H. 1975. Veld types of South Africa. *Memoirs of the Botanical*

Survey  
of  
South  
Africa,  
no.  
40.  
2nd

Edi  
tion  
.  
Pre  
tori  
a:  
Bot  
ani  
cal  
Res  
ear  
ch  
Inst  
itut  
e.

Holm, S.E. 1966. Bibliography of South African Pre- and Protohistoric

arc  
hae  
olo  
gy.  
Pre  
tori  
a: J  
L  
van  
Sch  
aik.

Mason, R. 1962. Prehistory of the Transvaal. Johannesburg: Witwatersrand

Uni  
ver  
sity  
Pre  
ss.

Van Riet Lowe, C. g.d. The distribution of Prehistoric rock engravings and

pai  
nti  
ngs  
in  
Sou  
th  
Afr  
ica.  
Arc  
hae

Van Warmelo, N.J. 1977. Anthropology of Southern Africa in Periodicals to

1950.  
Pretoria:  
Government  
Printer.

## 2.2 Kaarte

1:50 000 Topokadastrale kaart - 2430BD Hoedspruit, 1977. Pretoria.

## 9. PROJEKSPAN

J. van Schalkwyk (Projekleier)

A. Pelsø

S. Moifatsane